higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STEENWERK
NKR VLAK 4

(12020524)

17 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

490Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf met slegs 'n blou of swart pen.
5. Die skets en benoemings moet duidelik en netjies wees. Ook die verhoudings in die skets moet korrek wees. Jy kan 'n potlood gebruik.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 As een laag pleister aangewend word, moet dit 100 tot 160 mm dik wees.

1.2 Nabehandeling beteken dat die dagha in 'n steenmuur nat word.

1.3 Die metaallatwerkstroke moet 30 mm lank, 10 mm breed en 0,5 mm dik wees.

1.4 Die skuins kap van voeë laat pleister sterker met die substraat bind.

1.5 Sand en water is al materiaal wat nodig is vir vlak- of afstryklae.

1.6 Geen kontaminante of stowwe op die substraat, wat behoorlike binding kan verhoed, mag verwyder word voordat die vlak- of afstryklaag gelê word nie.

1.7 Afstryklae is nie net duurder as vlaklae nie, maar wend ook moeiliker aan as vlaklae.

1.8 Die minimum breedte van 'n teëlpaneelbewegingsvoeg is 5 mm.

1.9 Eers nadat 'n mens seker gemaak het dat die teëls wat jy gelê het, gelyk, ewe ver uitmekaar en waterpas is, kan jy die teëlspasieerders tussen hulle verwyder.

1.10 Plaas vloerteëls 'droog' in posisie oor die vloeroppervlak wat geteël moet word.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Maak 'n netjiese tekening van 'n beheervoeg tussen mure wat in strykverband gemessel is, in die volgende gevalle:

LET WEL: Die mure moet ses lae hoog wees en die beheervoeë moet aangetoon word.

2.1.1 Bestaande kolom en 'n nuwe muur

2.1.2 Twee steenmure ('n bestaande en 'n nuwe steenmuur)

(2 × 8) (16)

2.2 2.2.1 Hoe lank nadat 'n muur opgerig is, kan dit gepleister word? (1)

2.2.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 2.2.1. (2)

2.3 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.3.1 Die stootvoeë in baksteenwerk is ...

2.3.2 Die ... is die oppervlak waarmee pleister bind.

2.3.3 As die oppervlak te droog is, moet dit ... word.

2.3.4 As 'n vorm of bekisting gebruik word om nat beton in 'n spesifieke vorm te giet, word dit ... genoem.

2.3.5 'n ... is 'n stuk steenwerkgereedskap waarmee klip en beton 'n tekstuur gegee word.

(5 × 1) (5)

2.4 Verduidelik hoe 'n substraat behandel moet word as dit die meeste water geabsorbeer het toe dit getoets is. (5)

2.5 Hoekom is afwykings van meer as 10 mm in die dikte van 'n pleisterlaag toelaatbaar? (1)

[30]

VRAAG 3

3.1 Noem VIER redes hoekom beton gestryk moet word. (4)

3.2 Noem VIER toetse waarmee vasgestel kan word of 'n oppervlak reg is om gestryk te word. (4)

3.3 Wat is 'n uitgangshoogte of terreinhoogte? (2)

3.4 Wat is 'n tussenlaag of 'n flodderlaag? (2)

3.5 Gee DRIE redes hoekom afstryklae en vlaklae partymaal met krag gestryk kan word. (3)

3.6 Verduidelik hoe 'n afwyking in 'n horisontale oppervlak met 'n reihout en waterpas gemeet word. (10)

3.7 Verduidelik hoe beton met water nabehandel word. (3)

3.8 Noem TWEE gevalle waar 'n mens 'n voeg deur pleister moet sny. (2)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem EEN gebruik van die volgende stukke gereedskap wanneer mens teëlwerk doen.

4.1.1 Rubberklophamer

4.1.2 Slaglyn

4.1.3 Teëlvyl

4.1.4 Voegbrystryker

4.1.5 Teëlspasieerders

(5 × 2) (10)

4.2 Hoekom moet afvaluitlope en riole afgesluit word voordat 'n mens met teëlwerk begin? (2)

4.3 Noem en beskryf VIER eenvoudige maniere om te toets of 'n gepleisterde muur gaaf genoeg is om geteël te word. (4 × 2) (8)

4.4 Hoe verwyder 'n mens die organiese groei op 'n vlak wat geteël moet word? (2)

4.5 4.5.1 Beskrywe hoe 'n drenkmiddel ('primer') aangewend moet word.

4.5.2 Hoe lank moet 'n drenkmiddel droog word voordat teëls gelê kan word? (4)

(2 × 2)

4.6 Verduidelik kortliks hoekom sementkleefmiddels nie vir glasmosaïekwerk geskik is nie. (4)

[30]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou